# Regters kry binnekort gedragskode

Johannesburg. – Suid-Afrika sal binnekort 'n gedragskode vir regters hê, het mnr. Enver Surty, minister van justisie, gesê.

Hy het by 'n prestige-lesing van die regsfakulteit aan die Universiteit van Pretoria gesê die Regterlike Dienskommissie sal 'n gedragskomitee saamstel.

Dié komitee sal uit die geledere van die regters self saamgestel word. Die gedragskode sal onder meer reëls oor geld insluit.

Surty het gesê hy en hoofregter Pius Langa werk ten nouste saam en die gedragskode is byna voltooi.

Hoewel daar regters is wat gekant is teen só 'n kode, het baie se houding daaroor verander ná onlangse voorvalle waarby regters betrokke was. Die minister het nie voorbeelde genoem nie.

Surty het gesê regters kan nie by ander aktiwiteite buiten regterlike bedrywighede betrokke raak nie.

Die uitsondering is wanneer hulle boeke skryf en bydra tot die regsberoep. – **Sarel van der Walt**